# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c Monday 3 August 1981 WINDHOEK Maandag 3 Augustus 1981 No. 4504

CONTENTS:

| | Page |
|---|---|
| **AG. GOVERNMENT NOTICES:** | |
| No. AG. 92 Notification in Terms of Regulations made under the Anatomical Donations and Post-Mortem Examinations Ordinance, 1977 .. | 2 |
| No. AG. 93 Regulations made under the Statistics Act, 1976 (Act 66 of 1976) ............... | 3 |
| No. AG. 94 Price Control: Maximum Prices of Certain Steel Products ...................... | 6 |
| **PROCLAMATION:** | |
| No. 10 Keetmanshoop: Alteration and Redefinition of Municipal Boundaries ............ | 8 |
| **GOVERNMENT NOTICE:** | |
| No. 52 Municipality of Okahandja: Amendment of the Standard Building Regulations as adopted by the Municipality of Okahandja | 8 |
| **ADVERTISEMENTS** | 9 |

INHOUD:

| | Bladsy |
|---|---|
| **AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:** | |
| No. AG. 92 Bekendmaking ingevolge Regulasies uitgevaardig kragtens die Ordonnansie op Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, 1977 ...................... | 2 |
| No. AG. 93 Regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976) .... | 3 |
| No. AG. 94 Prysbeheer: Maksimum Pryse van sekere Staalprodukte ...................... | 6 |
| **PROKLAMASIE:** | |
| No. 10 Keetmanshoop: Wysiging van Herbepaling van Munisipale Grense ............... | 8 |
| **GOEWERMENTSKENNISGEWING:** | |
| No. 52 Munisipaliteit van Okahandja: Wysiging van die Standaardbouregulasies soos deur die Munisipaliteit van Okahandja aangeneem ....................... | 8 |
| **ADVERTENSIES** | 9 |

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND WELFARE

No. AG. 92 1981

### NOTIFICATION IN TERMS OF REGULATIONS MADE UNDER THE ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

In terms of regulation 4 of the regulations published by Government Notice 87 of 15 April 1980 it is hereby made known that the Administrator-General has, under regulation 2 of the said regulations —

(a) authorised the institutions of which the names and addresses are mentioned in Schedule A to receive, acquire, preserve or use the bodies of deceased persons for therapeutic or scientific purposes or to receive, acquire, preserve, use or issue any tissue for such purposes or to perform post-mortem examinations of the bodies of deceased persons for any of the purposes stated in section 2(1) of the Anatomical Donations and Post-mortem Examinations Ordinance, 1977 (Ordinance 12 of 1977); and

(b) authorised the institutions of which the names and addresses are mentioned in Schedule B to perform post-mortem examinations of the bodies of deceased persons for any of the purposes stated in the said section 2(1).

BYLAE/SCHEDULE A

| *Naam / Name* | *Adres / Address* |
|---|---|
| 1. Die Staatshopitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 13215, Windhoek. |
| 2. Die Staatslykhuis/ The State Mortuary | Privaatsak/Private Bag 13283, Windhoek. |

BYLAE / SCHEDULE B

| *Naam / Name* | *Adres / Address* |
|---|---|
| 1. Die Staatshospitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 2102, Okakarara. |
| 2. Die Staatshopsitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 2269, Gobabis. |
| 3. Die Staatshospitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 2101, Keetmanshoop. |

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN WELSYN

No. AG. 92 1981

### BEKENDMAKING INGEVOLGE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

Ingevolge regulasie 4 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 87 van 15 April 1980 word dit hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens regulasie 2 van genoemde regulasies —

(a) die inrigtings waarvan die name en adresse in Bylae A vermeld word, gemagtig het om die liggame van oorledenes vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes te ontvang, te verkry, te bewaar, te gebruik of om weefsel vir genoemde doeleindes te, ontvang te verkry, te bewaar, te gebruik of uit te gee of om nadoodse ondersoeke op liggame van oorledenes uit te voer vir enige van die doeleindes in artikel 2(1) van die Ordonnansie op Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, 1977 (Ordonnansie 12 van 1977), vermeld; en

(b) die inrigtings waarvan die name en adresse in Bylae B vermeld word, gemagtig het om nadoodse ondersoeke op liggame van oorledenes uit te voer vir enige van die doeleindes in genoemde artikel 2(1) vermeld.

BYLAE/SCHEDULE A

| *Naam / Name* | *Adres / Address* |
|---|---|
| 1. Die Staatshospitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 13215, Windhoek. |
| 2. Die Staatslykhuis/ The State Mortuary | Privaatsak/Private Bag 13283, Windhoek. |

BYLAE /SCHEDULE B

| *Naam / Name* | *Adres / Address* |
|---|---|
| 1. Die Staatshospitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 2102, Okakarara. |
| 2. Die Staatshospitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 2269, Gobabis |
| 3. Die Staatshospitaal/ The State Hospital | Privaatsak/Private Bag 2101, Keetmanshoop. |

4. Die Private Hospitaal van Consolidated Diamond Mines/ The Private Hospital of Consolidated Diamond Mines. Posbus/P.O. Box 35, Oranjemund.

4. Die Private Hospitaal van Consolidated Diamond Mines/ The Private Hospital of Consolidated Diamond Mines. Posbus/P.O. Box 35, Oranjemund.

## DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 93 1981

### REGULATIONS MADE UNDER THE STATISTICS ACT, 1976 (ACT 66 OF 1976)

The Administrator-General has, under section 17 of the Statistics Act, 1976 (Act 66 of 1976), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

*Definitions*

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise, an expression defined in the Act bears the same meaning as in the Act and —

(i) "Secretary" includes the Director of the Bureau for Development Co-ordination and Statistics and any other officer in the Department of Constitutional Development entrusted with the powers, duties or functions referred to in the Act;

(ii) "the Act" means the Statistics Act, 1976 (Act 66 of 1976).

*Statistics to be furnished in relation to the population cencus*

2. (1) The following statistics shall be furnished in the form framed by the Secretary in relation to every person who is ordinarily resident in the territory on midnight between 26 August 1981 and 27 August 1981 or who otherwise happens to be in the territory at the said point of time:

(a) His surname and first name;

(b) his relationship in relation to the person in control of the land, premises, building or structure concerned whereon or wherein he is so ordinarily resident or otherwise happens to be;

(c) his sex;

## DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 93 1981

### REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE WET OP STATISTIEKE, 1976 (WET 66 VAN 1976)

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 17 van die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking wat in die Wet omskryf word, dieselfde betekenis as in die Wet en beteken —

(i) "die Wet" die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976):

(ii) "Sekretaris" ook die Direkteur van die Buro vir Ontwikkelingskoördinering en Statistiek en 'n ander beampte in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling aan wie enige in die Wet bedoelde bevoegdhede, pligte of funksies opgedra is.

*Statistieke wat met betrekking tot die bevolkingsensus verstrek moet word*

2. (1) Die volgende statistieke moet in die vorm deur die Sekretaris opgestel met betrekking tot elke persoon wat om middernag tussen 26 Augustus 1981 en 27 Augustus 1981 sy gewone verblyf in die gebied het of wat toevallig andersins op bedoelde tydstip in die gebied is, verstrek word:

(a) Sy familie- en eerste naam;

(b) sy verwantskap met betrekking tot die persoon in beheer van die betrokke grond, perseel, gebou of struktuur waarop of waarin hy aldus sy gewone verblyf het of andersins toevallig is;

(c) sy geslag;

(d) his age;

(e) his marital status;

(f) the population group of which he is a member;

(g) his country of birth;

(h) the country of which he is a citizen;

(i) his ordinary place of residence;

(j) his religious affiliation or denomination;

(k) if he is subject to any disability, the nature thereof;

(l) the languages in which he is proficient and the extent to which he is so proficient;

(m) his level of education and, in the case of degrees, diplomas and certificates already obtained, the direction in which it has been obtained;

(n) his occupation :

(o) his work status or, if he is unemployed and sixteen years or older, information in relation to his pospects to find work;

(p) the nature of the industry or profession in which he is employed;

(q) the name of his employer; and

(r) his annual income:

Provided that only the statistics referred to in paragraphs (a) to (i) shall be furnished in relation to any person who is a citizen of a country other than the Republic of South Africa and who is not ordinarily resident in the Territory.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not apply in relation to —

(a) any person who is ordinarily resident in the Republic of South Africa and who on the said point of time is liable to render service in the territory in terms of the provisions of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), and in respect of whom a form has been filled in in the Republic of South Africa in relation to the population census of 1980, and a member of his family;

(b) any person referred to in sections 2 and 2A of the Diplomatic Privileges Act, 1951 (Act 71 of 1951), of the Republic of South Africa, and a member of his family.

(d) sy ouderdom;

(e) sy huwelikstaat;

(f) die bevolkingsgroep waarvan hy 'n lid is;

(g) sy geboorteland;

(h) die land waarvan hy 'n burger is;

(i) sy gewone woonplek;

(j) sy kerkgenootskap of -verband;

(k) indien hy aan een of ander gestremdheid onderhewig is, die aard daarvan;

(l) die tale wat hy magtig is en die mate waartoe hy dit aldus magtig is;

(m) sy onderwyspeil en, in die geval van grade, diplomas en sertifikate wat reeds verwerf is, die rigtings waarin dit verwerf is;

(n) sy beroep;

(o) sy werkstatus of, indien hy werkloos en sestien jaar of ouer is, besonderhede met betrekking tot sy vooruitsig om werk te kry;

(p) die aard van die bedryf of professie waarin hy werksaam is;

(q) die naam van sy werkgewer; en

(r) sy jaarlikse inkomste:

Met dien verstande dat met betrekking tot iemand wat 'n burger van 'n ander land as die Republiek van Suid-Afrika is, en wat nie sy gewone verblyf in die gebied het nie slegs die statistieke bedoel in paragrawe (a) tot (i) verstrek moet word.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot —

(a) iemand wat sy gewone verblyf in die Republiek van Suid-Afrika het en wat op bedoelde tydstip ingevolge die bepalings van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), verplig is om diens te doen in die gebied en ten opsigte van wie 'n vorm in die Republiek van Suid-Afrika met betrekking tot die bevolkingsensus van 1980 ingevul is, en 'n lid van sy gesin;

(b) iemand in artikels 2 en 2 A van die Wet op Diplomatieke Voorregte, 1951 (Wet 71 van 1951), van die Republiek van Suid-Afrika bedoel, en 'n lid van sy gesin.

(3) For the purposes of these regulations a person shall be regarded as being ordinarily resident in the territory if his home or the place where he normally lives and to which he returns regularly after any period of temporary absence, is in the territory.

*Duty to fill in form or to furnish statistics*

3. The form referred to in regulation 2 shall be filled in or, when so requested by the Secretary, the statistics referred to in the said regulation 2 shall be furnished orally —

(a) by the person concerned; or

(b) if the person concerned is for any reason unable to fill in the said form or to furnish the said statistics, by the person in control of the land, premises, building or structure whereon or wherein the person concerned is ordinarily resident or otherwise happens to be at the said point of time.

*The times when, the places where and the persons to whom the completed form shall be handed over or statistics shall be furnished.*

4. The completed form or statistics referred to in regulation 2 shall be handed over or, as the case may be, be furnished to the Secretary —

(a) at the address indicated on the said form before or on 7 September 1981; or

(b) in the case of any person who is ordinarily resident in the territory and who is not in the territory at the said point of time, at the Bureau for Development Co-ordination and Statistics, Private Bag 12025, Windhoek, 9000, within seven days after his return to the territory.

*Offences and penalties*

5. Any person who, without reasonable cause, contravenes any provision of these regulations or fails to comply therewith, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding ten rand for every day during which such failure continues.

(3) By die toepassing van hierdie regulasies word beskou dat 'n persoon sy gewone verblyf in die gebied het indien sy tuiste of die plek waar hy normaalweg woon en waarnatoe hy gereeld na 'n tydperk van tydelike afwesigheid terugkeer, in die gebied is.

*Plig om vorm in te vul of statistieke te verstrek*

3. Die vorm in regulasie 2 bedoel, moet ingevul word of, wanneer deur die Sekretaris aldus versoek, die statistieke in genoemde regulasie 2 bedoel, moet mondeling verstrek word —

(a) deur die betrokke persoon; of

(b) indien die betrokke persoon om die een of ander rede nie in staat is om bedoelde vorm in te vul of bedoelde statistieke te verstrek nie, deur die persoon in beheer van die grond, perseel, gebou of struktuur waarop of waarin die betrokke persoon op bedoelde tydstip sy gewone verblyf het of andersins toevallig is.

*Die tye wanneer, die plekke waar en die persone aan wie die ingevulde vorm oorhandig of statistieke verstrek moet word*

4. Die ingevulde vorm of statistieke in regulasie 2 bedoel, moet aan die Sekretaris oorhandig of, na gelang van die geval, verstrek word —

(a) voor of op 7 September 1981 by die adres op bedoelde vorm aangedui; of

(b) in die geval van 'n persoon wat sy gewone verblyf in die gebied het en wat op bedoelde tydstip nie in die gebied is nie, binne sewe dae na sy terugkeer na die gebied by die Buro vir Ontwikkelingskoördinering, Privaatsak 12025, Windhoek, 9000.

*Misdrywe en strawwe*

5. Enige persoon wat, sonder redelike oorsaak, enige bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of, in die geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens tien rand vir elke dag waarop sodangie versuim voortduur.

## DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 94 1981

### PRICE CONTROL: MAXIMUM PRICES OF CERTAIN STEEL PRODUCTS

Under the powers vested in me by section 4 of the Price Control Act,1964(Act 25 of 1964), I hereby determine the maximum prices of certain steel products as set out in the Schedule.

P. R. KRUGER
*Price Controller* Windhoek, 13 July 1981

### SCHEDULE

*Substitution of Schedule to Government Notice 177 of 1975, as amended by Government Notice AG. 80 of 1980*

The following Schedule is hereby substituted for the Schedule to Government Notice 177 of 1975:

## DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 94 1981

### PRYSBEHEER: MAKSIMUMPRYSE VAN SEKERE STAALPRODUKTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), bepaal ek hierby die maksimumpryse van sekere staalprodukte soos in die Bylae vervat.

P. R. KRUGER
*Pryskontroleur* Windhoek, 13 Julie 1981

### BYLAE

*Vervanging van Bylae by Goewermentskennisgewing 177 van 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewing AG. 80 van 1980*

Die Bylae by Goewermentskennisgewing 177 van 1975 word hierby deur die volgende Bylae vervang:

### SCHEDULE

| COLUMN 1<br>Category of steel product | COLUMN 2<br>Manufacturer's maximum selling price per 1 000 kg f.o.r. factory* |
|---|---|
| 1. Sections: | |
| (a) Angles and T-bars | 348.75 |
| (b) Channels | 357.75 |
| (c) L-Section (Taper Flange) | 377.25 |
| (d) Universal beams, universal columns and bearing piles | 373.75 |
| 2. Reinforcing bars (including coiled rounds) | 350.25 |
| 3. Black bars (excluding reinforsing bars): | |
| (a) Rounds, 6 mm to under 45 mm diameter (including coiled rounds) | 350.25 |
| (b) Rounds, 45 mm diameter and over | 386.75 |

### BYLAE

| KOLOM 1<br>Kategorie staalproduk | KOLOM 2<br>Fabrikant se maksimum verkoopprys per 1 000 kg. v.o.s. fabriek* |
|---|---|
| 1. Profiele: | |
| (a) Hoekprofiele en T-stawe | 348.75 |
| (b) U-profiele | 357.75 |
| (c) L-profiele(Tapsflens) | 377.25 |
| (d) Universeelbalke, universeelkolomme en draheipale | 373.75 |
| 2. Wapeningstawe (insluitende gehaspelde rondstaal) | 350.25 |
| 3. Swartstawe (uitgesonderd wapeningstawe): | |
| (a) Rondstaal, 6 mm tot minder as 45 mm in deursnee (insluitende gehaspelde ronde profiele) | 350.25 |
| (b) Rondstaal, 45 mm deursnee en meer | 386.75 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (c) Squares, under 55 mm side ..... | 350,25 | (c) Vierkantprofiele, minder as 55 mm syvlak ............................ | 350,25 |
| (d) Squares, 55 mm side and over. | 386,75 | (d) Vierkantprofiele, 55 mm syvlak en meer ................................ | 386,75 |
| (e) Flats, 20 mm to 50 mm wide.. | 379,25 | (e) Platprofiele, 20 mm tot 50 mm wyd ...................................... | 379,25 |
| (f) Flats, over 50 mm wide.......... | 379,25 | (f) Platprofiele, meer as 50 mm wyd | 379,25 |
| (g) Flat bars ............................ | 379,25 | (g) Platstawe .............................. | 379,25 |
| (h) Wire rod ............................. | 398,25 | (h) Walsdraad ........................... | 398,25 |
| 4. Rails, 10 kg per m and over......... | 393,25 | 4. Spoorstawe, 10 kg per m en meer. | 393,25 |
| 5. Plates 4,5 mm and over ............ | 384,75 | 5. Grofplaat, 4,5 mm en meer.......... | 384,75 |
| 6. Hot rolled sheets (coils, cut lengths and slit strip in coils).................. | 374,25 | 6. Warmgewalste fynplaat (rolle, gesnyde lengtes en smalband in rolle) | 374,25 |
| 7. Cold rolled sheets (coils, cut lengths and slit strip in coils).................. | 444,75 | 7. Koudgewalste fynplaat (rolle, gesnyde lengtes en smalband in rolle) | 444,75 |
| 8. Galvanised sheets (coils, cut lengths and slit strip in coils).................. | 505,25 | 8. Versinkte fynplaat (rolle, gesnyde lengtes en smalband in rolle)......... | 505,25 |
| 9. (a) Galvanised profile sheets (prime material).............................. | 524,25 | 9. (a) Versinkte profielfynplaat (prima-materiaal) ............................ | 524,25 |
| (b) Galvanised profile sheets (second grade material marked by means of indentation on the side every 1 to 1,5 m)................. | 423,75 | (b) Versinkte profielfynplaat (tweede graadse materiaal, gemerk met 'n keep op die sy elke 1 tot 1, 5 m) ....................................... | 423,75 |

*NOTES

(i) For determination of the maximum delivered prices at any point in South West Africa the calculated railage from Germiston to the point of delivery, escalated by 2,50% in respect of settlement discount, may be added to the f.o.r. factory prices as shown in Column 2.

(ii) F.o.r. factory applies to factories as mentioned in paragraph 8(iv).",

*NOTAS

(i) Vir bepaling van die maksimum gelewerde pryse by enige punt in Suidwes-Afrika mag die berekende spoorvrag vanaf Germiston na die afleweringspunt, verhoog met 2,50% ten opsigte van vereffeningsdiskonto, by die v.o.s.-fabriekspryse, soos aangetoon in Kolom 2, gevoeg word.

(ii) V.o.s.-fabriek het betrekking op fabrieke soos vermeld in paragraaf 8(iv).".

# PROCLAMATION

by the

EXECUTIVE COMMITTEE OF THE WHITES

No. 10 of 1981

## KEETMANSHOOP: ALTERATION AND REDEFINITION OF MUNICIPAL BOUNDARIES

Under section 7(1)(b) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), the Executive Committee of the Whites hereby alters and redefines the boundaries of the Municipality of Keetmanshoop as set out in the Schedule.

Proclamation 46 of 1 July 1969 is hereby repealed.

A. H. DU PLESSIS
*Chairman* *Windhoek, 13 July 1981*

*By order of the Executive Committee of the Whites*

SCHEDULE

Beginning at the northernmost corner beacon of Portion 27 of the farm Keetmanshoop Town and Townlands No. 150; thence generally south eastwards along the boundaries of the following properties so as to exclude them from the area viz. Khabus No. 146, Portion 2 of the farm Klein Spitskop No. 153, Gariganus No. 157, Aurus No. 149, Eisenstein No. 136, Ditsem No. 156, Hainabis No. 132, Hariros No. 133, Barochelle No. 402, Bÿstick No. 2, Portion 28 of the farm Keetmanshoop Town and Townlands No. 150, Gellap-Ost No. 3, Portion 1 of the farm Nabaos No. 7, Naboas No. 7 and Paradies No. 8 to the point of beginning.

# PROKLAMASIE

van die

UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE BLANKES

No. 10 van 1981

## KEETMANSHOOP: WYSIGING EN HERBEPALING VAN MUNISIPALE GRENSE

Kragtens artikel 7(1)(b) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) wysig en herbepaal die Uitvoerende Komitee van die Blankes hierby die grense van die Munisipaliteit van Keetmanshoop soos in die Bylae uiteengesit.

Proklamasie 46 van 1 Julie 1969 word hierby herroep.

A. H. DU PLESSIS
*Voorsitter* *Windhoek, 13 Julie 1981*

*Op las van die Uitvoerende Komitee van die Blankes*

BYLAE

Begin by die noordelikste hoekbaken van Gedeelte 27 van die plaas Keetmanshoop Dorp en Dorpsgronde No. 150; daarvandaan algemeen suid-ooswaarts langs die grense van die volgende eiendomme om hulle uit hierdie gebied uit te sluit, naamlik Khabus No. 146, Gedeelte 2 van die plaas Klein Spitskop No. 153, Gariganus No. 157, Aurus No. 149, Eisenstein No. 136, Ditsem No. 156, Hainabis No. 132, Hariros No. 133, Barochelle No. 402, Bÿstick No. 2, Gedeelte 28 van die plaas Keetmanshoop Dorp en Dorpsgronde No. 150, Gellap-Ost No. 3, Gedeelte 1 van die plaas Nabaos No. 7, Nabaos No. 7 en Paradies No. 8 tot by die beginpunt.

# Government Notice

No. 52 1981

## AMENDMENT OF THE STANDARD BUILDING REGULATIONS AS ADOPTED BY THE MUNICIPALITY OF OKAHANDJA

The Executive Committee of the Whites has under section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), read with section 14 *bis* (2) of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), approved the regulations set out in the Schedule and made by the Municipality of Okahandja to effect a further amend-

# Goewermentskennisgewing

No. 52 1981

## WYSIGING VAN DIE STANDAARD-BOUREGULASIES SOOS DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN OKAHANDJA AANGENEEM

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), gelees met artikel 14 *bis* (2) van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), die regulasies goedgekeur wat in die Bylae vervat en deur die Munisipaliteit van Okahandja gemaak is om 'n

ment to the Standard Building Regulations, promulgated by Government Notice R.1830 of 23 October 1970 and amended by Government Notice R.1431 of 1973 of the Republic, and, in respect of the said Municipality, adopted by Government Notice 258 of 1 August 1977 and amended by Government Notice 175 of 1980.

SCHEDULE

1. Regulation 1 of Chapter 10 is hereby amended by the substitution for the definition of "Industrial water" of the following definition:

"*Industrial water* means water supplied to any premises defined as a factory in terms of the provisions of the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952 (Ordinance 34 of 1952), or as a work or mine in terms of the provisions of the Mines, Works, and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968).".

2. Appendix A to Chapter 10 is hereby amended —

(a) by the substitution for item (1) of the following item:

"(1) The monthly charge for the supply of water shall be calculated at R0,26 for every cubic metre of water consumed, with the following minimum charges per month or part of a month:

(a) For domestic purposes .............. R 2,00

(b) For business and office purposes . R 6,00

(c) For industrial water................R10,00."; and

(b) by the deletion of item (2).

verdere wysiging teweeg te bring van die Standaardbouregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1830 van 23 Oktober 1970 en gewysig by Goewermentskennisgewing R.1431 van 1973 van die Republiek, en, ten opsigte van genoemde Munisipaliteit, aangeneem by Goewermentskennisgewing 258 van 1 Augustus 1977 en gewysig by Goewermentskennisgewing 175 van 1980.

BYLAE

1. Regulasie 1 van Hoofstuk 10 word hierby gewysig deur die omskrywing van "Nywerheidswater" deur die volgende omskrywing te vervang:

"*Nywerheidswater* beteken water wat verskaf word aan 'n perseel wat as 'n fabriek ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk 1952 (Ordonnansie 34 van 1952) of as 'n bedryf of myn ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale 1968 (Ordonnansie 20 van 1968), omskryf word.".

2. Aanhangsel A by Hoofstuk 10 word hierby gewysig —

(a) deur item (1) deur die volgende item te vervang:

"(1) Die maandelikse heffing vir die voorsiening van water word bereken teen R0,26 vir elke kubieke meter water wat verbruik is, met die volgende minimum heffings per maand of gedeelte van 'n maand:

(a) Vir huishoudelike doeleindes....... R 2,00

(b) Vir besigheids- en kantoordoeleindes ............................................R 6,00

(c) Vir nywerheidswater ..............R10,00.": en

(b) deur item (2) te skrap

## Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

## Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 131200, Windhoek, or be delivered to Room 120, Barlow house Building Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for Civic Affairs and Manpower, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Secretary for Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from The Suidwes-Drukkery, Limited, P. O. Box 2196, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R3,25 |

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 131200 Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 120 Barlow Huis Windhoek afgelewer word. nie later nie as 3 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12.50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels pos- of geldorders:

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R3,25 |

## NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at the Sitting of the Licensing Court on 2nd September 1981, at Windhoek, for the transfer of the Restaurant, Tobacco and Fresh Produce Licences held by MARIO BRUSA, who traded for his own account under the name and style of WINDSOR CONFECTIONERY, to KLAUS EBERHARD NIEDERMEIER, who will trade under the name and style of WINDSOR TAKE-AWAY for his own account and on the same premises situated at Kaser Street, 305, Erf 2158, Windhoek.

DATED AT WINDHOEK ON THIS THE 21ST DAY OF JULY, 1981.

FISHER, QUARMBY & PFEIFER,
Attorneys for applicant,
108 S.W.A.B.S. Building,
Post Street,
P.O. Box 37,
WINDHOEK

---

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis word hiermee gegee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan aansoek gedoen sal word aan die Landdros, Lüderitz vir die oordrag van die Algemene Handelaar, Mineralewater, Tabak (Kleinmaat) en Patente Medisyne Lisensies tans gehou deur CORNELIA G OTTOGALLI ten opsigte van die Perseel geleë te Erf Nr 162 Aus, Distrik Lüderitz en wat besigheid gedoen het as AUS GARAGE aan en ten gunste van KLAUS THEODOR AUGUST LUBOWSKI wie voortaan besigheid sal dryf vir sy eie rekening onder die naam AUS GARAGE & WINKEL op die perseel hierbo genoem.

GEDATEER TE KEETMANSHOOP HIERDIE 3RDE DAG VAN JULIE 1981

LENTIN, BOTMA & DE WAAL
(Prokureurs vir die Partye)
Posbus 38
KEETMANSHOOP
9000

---

## DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

### WET OP VREEMDELINGE, 1937

### VANSVERANDERING

### MARITZ IN RIX

Dit het die Administrateur-generaal behaag, om kragtens die bepalings van Artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937) ESMARIE MARITZ woonagtig te Campbellstraat no. 5, WINDHOEK, te magtig om die van RIX aan te neem.

## TRANSFER OF INSURANCE BUSINESS

Notice is hereby given in terms of Section 25(6) of the Insurance Act. No. 27/1943, that it is the intention of FEDERATED LIFE ASSURANCE COMPANY LIMITED (formerly FEDERATED INSURANCE COMPANY LIMITED) to transfer its liabilities in respect of its insurance business carried on in Zimbabwe to G.R. E. INSURANCE LIMITED.

The effect of the proposed transfer will be that the latter company will become responsible for the due fulfillment of all the existing obligations of the Federated Life Assurance Company Limited insofar as its short term business in Zimbabwe is concerned.

Details of the proposed transfer are contained in an agreement dated 28th April, 1981, a copy of which, together with copies of statements showing the effect of the proposed transfer and the financial position of the parties to the agreement, will lie open for inspection by any person during normal business hours for a period of 21 (twenty-one) days, commencing on the 11th August, 1981, to the 1st September, 1981 at the Head Offices of FEDERATED LIFE ASSURANCE COMPANY LIMITED at Federated House, 1 de Villiers Street, Johannesburg 2001.

It is intended to apply to the Supreme Court of South Africa (Witwatersrand Local Division) on Tuesday, 15th September, 1981, at 10h00 or as soon thereafter as the case may be heard, for confirmation of the proposed transfer.

The Registrar of Insurance and any owner of a policy, shareholder or creditor affected or likely to be affected by the proposed transfer are entitled to appear and to be heard on any application to Court regarding the transfer, and may make application to Court on any matter in connection with the transfer.

DATED AT JOHANNESBURG ON THIS THE 31ST DAY OF JULY, 1981.

## MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO

NOTICE No. 17/81

SALE OF UNOCCUPIED PROPERTY ON WHICH RATES WERE NOT PAID FOR FIVE YEARS

Notice is hereby given in terms of section 171 (1) of the Municipal Ordinance no. 13 of 1963 that erf 927 Otjiwarongo is registered in the name of H.P. Labuschagne, P.O. Box 1510, Windhoek.

Rates on the abovementioned erf have not been paid for a period of five years. The registered owner is hereby requested to pay the arrears together with interest thereon within three months of the date of the last publication of this notice. In default of payment the said property will be sold by public auction.

J.M.L. TREDOUX
*Town Clerk*

Municipal Offices
Private Bag 2209
OTJIWARONGO
24th June 1981

## NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at the Sitting of the Licensing Court on 2nd September 1981, at Windhoek, for the transfer of the Motor Garage licence held by SENIOR MOTORS BEPERK to ANTONIO GODINHO FIGUEIRA, who will trade under the name and style of GODINHO AUTO BODY REPAIRS for his own account and on the same premises situated on Erf 4757, cor. Anton Rupert and Tommy Muller Streets, Windhoek.

DATED AT WINDHOEKon this the 21ST DAY OF JULY, 1981.

FISHER, QUARMBY & PFEIFER,
Attorneys for Applicant,
108 S.W.A.B.S. Building,
Post Street,
P.O. Box 37,
WINDHOEK

**Printed and obtainable from**
**SUIDWES-DRUKKERY BEPERK**
**P.O. Box 2196, Windhoek**
**South West Africa**

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika